

30 Augustus

Skrifgedeelte: 1 Konings 1

Fokusgedeelte: 1 Konings 1:1-30

Die Here se beloftes strek verder as ons beperkings

Die Here belowe aan Dawid: "...jou troon sal altyd voortbestaan" (2 Sam 7:16). Dit beteken nie dat Dawid vir ewig sal lewe nie. Hy word oud en swak. Sy hele huishouding en regering (amptenare) word nou besig gehou met sy liggaamlike versorging. Dawid gee nie meer aandag aan dit waarvoor hy geroep is nie: die versorging van God se volk en die beheer oor sy kinders. Natan en Batseba moet - met vrees vir sy reaksie - hom daarop wys dat sy koninkryk in gevaar is as gevolg van die optrede van sy eie seun. God gee nie aan sy kinders beloftes sodat hulle in gemak kan leef nie. God gee nie beloftes sodat ons kan ophou werk en bid nie. Ons vergeet dikwels sy beloftes as dit met ons swaar gaan. Siekte, swakheid en allerlei beproewings lei dikwels daartoe dat ons net op ons eie ellende begin konsentreer en vergeet dat ons nog werk het om te doen. As ek swaarkry by die werk mag ek nie ophou om my plig by die huis teenoor my man, vrou of kinders na te kom nie. As ek siek is, mag ek nie ophou om te bid nie. As ek seergemaak is, mag ek my nie onttrek aan my medegelowiges nie – selfs al het God belowe dat die poorte van die hel sy kerk nie sal oorweldig nie en al het Hy belowe dat nie een uitverkorene verlore sal gaan nie. As Christus net aan sy eie liggaamlike gemak gedink het toe Hy versoek is, het hy klippe in brood verander en het Hy nie aan die kruis gesterf nie. Hy het egter sy lewe afgelê om ons van onself en ons geestelike kleinserigheid, waarmee ons die Heilige Gees bedroef, te verlos. Hy het dit gedoen sodat ons aan God se beloftes kan vashou én ons werk in sy koninkryk kan bly doen totdat sy koninkryk in al sy volheid gekom het.

Sing: Psalm 116:5,7

Ds PH Fick (Komatipoort)